

Lees: Efesiërs 3:14-20
Teks: Ef 3:17-19

Sing: Ps. 103-2:1,3,4 en 5
Sb.9-3:1,2
Ps.116-1:1(almal) 7 (susters) 9 (broers) 10 Almal
Lied 207:1,2,3

TEMA: Ek kniel sodat julle die liefde van God kan ken

Inleiding

Ek wil jou graag uitnooi om saam met my op 'n gebedspad te gaan. Om saam met my te bid om die liefde van God te ken.

Moet daarom nie verwag dat ons vandag net intellektueel en teologies besig gaan wees. Ons is met iets besig wat nie in woorde beskryf kan word nie. Met iets wat nie met die verstand te bowe gaan kan word nie. Met iets wat moeilik gedefinieer en met die verstand omvat kan word nie. Ons is vandag besig met 'n gebed om die liefde van God.

Verskoon daarom my onvermoë om dit in 'n preek aan jou duidelik te maak. Ek kan nie en daarom wil ek jou eerder uitnooi om, as deel van die gemeenskap van gelowiges, saam met my op die gebedspad te gaan om hierdie liefde beter te ken.

Die liefde wat onverstaanbaar groot is

Dit gaan immers vandag oor niks minder nie as oor die oor die Liefde van God.

Eintlik is hier 'n teenstrydigheid in die gebed van Paulus. Hy bid dat ons die liefde sal begryp en ken en dan sê hy dat die liefde die verstand te bowe gaan. Hy bid dat ons die onverstaanbare sal verstaan. Dat ons ons die onkenbare sal ken. Hy bid ons die liefde, wat die verstand te bowe gaan, sal begryp en sal ken.

Dit is amper soos om vir iemand te vra om in die son in te kyk en beter te sien hoe die son lyk. Wanneer jy dit doen, verblind die son jou.

Paulus verwys nie hier net na die liefde wat God in die verlede aan ons bewys het nie. Die liefde waarmee Hy ons so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun gestuur het sodat ons deur Hom gered kan word nie. Hy verwys ook nie net na die liefde wat Jesus Christus vir ons gehad het deur sy lewe vir ons te gee terwyl ons nog sondaars was nie.

Natuurlik verwys dit daarna ook, maar Paulus leer dat daardie liefde, wat God bewys het nou tot beskikking van sy kinders is en deur die gebed geken en begryp kan word.

Hierdie liefde van God is wyd en ver en hoog en diep. Die meeste kommentators meen dat Paulus die vier woorde gebruik om eintlik maar net te sê dat die liefde van God onverstaanbaar en onbeperk is. In die paar gebrekkige menslike terme sê hy wat hy weer in vers 19 opsom met die woorde: "Die liefde gaan die verstand te bowe."

Tog help die beskrywing om ons om die grootheid van die liefde van God te oordink. So help dit my in die verstaan wanneer ek die teenoorgestelde van die woorde gebruik om te sê hoe die liefde nie is nie. Dit is nie smal nie. Dit is nie naby nie, nie laag nie en ook nie vlak nie.

Die liefde is ONBEPERK. Dit is so wyd dat geen menslike grense soos ras en taal en volk en nasie dit kan beperk nie. Dit is nie beperk tot enige kontinent of landsgrense nie en self nie tot enige planeet of ster nie.

Die liefde is ONVERGANKLIK. Dit is oneindig ver en lank. Dit is van ewigheid tot ewigheid. Die liefde was voor die skepping in God, want God is liefde en die liefde sal na hierdie aardse bedeling nog steeds wees, want God is liefde.

Die liefde is VERHEWE bo alles. Dit is te hoog om daarby te kom. Die liefde kom uit die Hemel waar die Here se troon is en die mense wat in Hom glo sal hierdie liefde steeds hê wanneer hulle in heerlijkheid saam met God lewe.

Die liefde is ONUITPUTLIK. Dit is so diep dat jy nie die bodem daarvan kan bereik nie. Daar is net nog en nog liefde. Jy kan aanhou liefhê en liefhê. Jy kan iemand altyd nog meer liefhê as wat jy hom of haar het. Jy kan altyd nog ander mens ook leer liefkry, sonder dat dit nodig is om die mense wat jy reeds liefhet, minder lief te hê.

Ek het dit besef met die geboorte van ons derde kind. Voor haar geboorte het ek gewonder waar ons nog die liefde sou kry om vir haar ook lief te wees. Sou ek bietjie van die liefde van my eerste twee kinders moes wegvat – hulle dus minder lief moes hê om vir my derde kind ook lief te wees? Nee, saam met haar geboorte het ek ontdek dat daar genoeg liefde is om haar ook lief te hê sonder om die ander minder lief te hê.

Broers en susters, dit is die liefde wat ons moet begryp en ken. Niks minder as dit nie. Dit is daar. Dit is ten volle beskikbaar van elke gelowige. Dit is 'n bron om uit te put. Dit is 'n fontein om uit te drink. Dit is goud wat ontgin moet word.

Kom saam met my op die gebedspad om hierdie liefde van God te kan begryp en te kan ken.

Kom julle wat in die die liefde gewortel en gegrondves

Ek wil graag saam met julle op hierdie gebedspad gaan. Julle gelowiges want die liefde is nie vir julle vreemd nie.

Paulus skryf vir gelowige mense en sy vertrekpunt is juis dat die gelowiges in die liefde gewortel en gegrondves is. Hy gebruik werkwoordsvorme wat aandui dat iets reeds gebeur het, maar dat die gevolge van daarvan tot in die hede in voortduur. Julle is gewortel en gegrondves en die gevolge daarvan het 'n invloed wat strek tot vandag toe.

Hierdie deel van die gebed volg immers op die gebed dat die Heilige Gees kragtig in die gelowiges sal werk sodat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon. Omdat dit so is, daarom gaan Paulus nou oor tot die gebed om kennis van die liefde. Wie in die krag van die Gees lewe en hy in wie Christus woon, sal liefhê en sal 'n begeerte hê om die liefde beter te ken.

Kom ons staan net vir 'n oomblik hierby stil, want dit help nie ons gaan verder om oor die liefde van God te praat tensy jy in die liefde gewortel en gegrondves is nie. Die mens word in die liefde ingeplant en op die liefde gebou, slegs wanneer hy die liefde van God in Jesus Christus sy eie maak deur die geloof. Slegs wanneer die Heilige Gees, wat liefde wek, sy lewe in besit neem.

Buite die geloof in God deur Jesus Christus sal jy maar net stukkie van die preek oor die gebed om liefde verstaan. Jy sal net brokstukkies begryp van waaroor die liefde werklik gaan omdat jy buite Christus om nie deel het aan God, wat liefde is nie. Buite hom sal jy die liefde begryp of verstaan nie.

Die liefde sal jy nêrens anders kry nie. Jy sal hierdie ware liefde nie kry binne menslike definisies van liefde wat in tydskrifte of fliëks vir jou gegee word nie. Jy sal die liefde nie kan aanleer nie. Dit is nie iets wat vanself in jou hart opkom nie. Die teendeel is eerder waar. Buite Christus om is die mens se natuurlike geneigdheid om te haat.

Daarom is my uitnodiging aan jou eerstens om na die God, wat liefde is, toe te kom deur Jesus Christus.

Wie in Jesus glo is in die liefde gewortel en gegrondves.

Hy is ingewortel in die liefde. Die beeld van 'n boom wat sy wortels in die grond instoot en vanuit die voedingstowwe groei word deur Paulus gebruik. Julle is deur die geloof in die liefde gewortel en die gevolge daarvan duur vandag nog voort. Die beeld roep groei en energie en vrugte dra na vore.

Wie glo, is ook geanker in die liefde, sy fundamente is die liefde. Hy is gegrondves, vasgemaak aan die liefde. Hy is onwankelbaar en standvastig. Jy kan op die liefde bou as fondament vir jou lewe, dit sal jou nooit laat wankel nie.

Beide beelde dui egter iets van voortgang aan. Die gebed is om meer en beter en hoër. Die beelde roep ons op om nie net tevrede te wees met waar ons staan nie. 'n Boom wat gewortel is groei en 'n gebou wat op 'n fondament gebou word, word hoër.

Vanuit die posisie van liefde wat ons in Jesus Christus en deur die Heilige Gees geplaas is, moet ons nou bid om begrip en kennis van die liefde.

Dit is belangrik om daarom te let dat Paulus nie bid dat hulle meer liefde sal ontvang nie, maar dat hy bid dat hulle die liefde, waarin ons gewortel en gegrondves is, sal begryp en ken. Die gelowige het reeds alles van God se liefde tot ons beskikking.

Ons word opgeroep om vir mekaar te bid om dit waarin ons gewortel en gegrondves is, te ontgin.

Kom julle, want ek kan nie alleen begryp en ken nie

Ek wil jou uitnooi om saam op die gebedspad te gaan omdat ek nie uit myself uit die liefde kan ken en begryp nie.

Dit is opvallend dat Paulus pertinent bid dat hulle “saam met alle gelowiges” die liefde sal begryp en ken.

Die gebed is vir alle gelowiges. Nie net vir ouer mense of vir jonger mense nie. Nie net vir die wat jonk in die liefde gewortel is nie, maar ook vir die wat al lewenslank die liefde gegrondves is.

Verder weet Paulus dat die liefde van God so groot is dat geen mens dit alleen kan ken en begryp nie. Ons het mekaar hierin nodig. Ek kan immers net van een kant af na die liefde kyk. Ek kan net die liefde ervaar soos wat ek dit ervaar. Jy sien dit van 'n ander kant af en jy ervaar dit anders. Saam kan ons 'n groter prentjie kry van die omvang van die liefde.

Dit is in die gemeenskap van die gelowiges wat die liefde van die Here sigbaar word. Jy sal die liefde by ander sien en beleef en ander sal dit by jou beleef. Op jou eie sal jou begrip en kennis van die liefde altyd eensydig en beperk bly.

Kom saam met my op die gebedspad na begrip en kennis van die liefde – ek het jou daarin nodig.

Kom saam op die gebedspad om die liefde te ken.

Paulus bid dat die gelowiges in staat sal wees om die liefde te ken.

Merkwaardig. Hulle moet in staat gestel word. Hulle kan dit nie self doen nie. Hulle het nie die vermoë nie en die vermoë moet vir hulle gegee word. Die Here moet hulle eers in staat stel.

Hy bid dat hulle in staat sal wees om die liefde te begryp. Om dit te verstaan en vas te gryp.

Die woord dui daarop om iets met jou verstand vas te gryp. Om jou gedagtes daarom te sit.

Baiekeer dink ons liefde is blote emosie. Een of ander gevoel wat ek teenoor iemand het. Hier is dit egter duidelik dat liefde ook 'n saak van die verstand is. Hoewel liefde verstand te bowe gaan, gaan die allermens by die verstand verby. Liefde vra denke, besinning en besluite. Liefde moet jou laat dink en is nie blote emosie nie.

Ons moet dus die liefde ook ondersoek, daarvoor nadink en beredeneer. Wanneer die Here byvoorbeeld sê dat ons ons vyande moet liefhê, beteken dit nie dat ons eerstens 'n gevoel vir hulle moet hê nie, maar dat ons sal nadink oor hoe ons teenoor hulle moet optree.

Kom saam met my, kom dink saam en studeer saam met my oor die liefde van die Here. Kom beplan saam hoe ons die liefde sal ontdek en beoefen.

Tog is liefde veel meer as 'n verstandelike aktiwiteit. Paulus bid dat die gelowiges die liefde sal ken. Die woord dui op kennis wat deur ervaring bereik is. Dit is eksperimentele kennis. Liefde kan nie geleer word deur net boeke daarvoor te lees nie, dit moet beleef word.

Die gebed is dat ons saam sal gaan liefhê. Dat ons liefde sal gaan beoefen of daaraan blootgestel sal word en so tot kennis van die liefde sal kom.

Soos alle gebede, roep die gebed ons dus ook op tot aksie. Kom gaan in die praktyk van die liefde in. Kom ons gaan ontdek hoe wyd en breed en hoog en diep die liefde is deur te beoefen. Kom ons gaan kyk of die diepte van die liefde nie in staat is om my stukkende huwelik te red nie. Kom ons gaan beoefen die liefde in 'n samelewing vol geweld want dan sal ons daar ontdek dat dit hoër is as die persoon met die geweer in die hand. Kom ons beleef die liefde met mense wat anders as ons dink en praat en ontdek by hulle hoe wyd die liefde werklik strek.

Kom ons hou aan om lief te hê, al sien ons nie resultate nie, want dan sal ons sien hoe ver die liefde van die Here kan gaan.

Jy sal nie die liefde kan ken deur in jou kamer te sit en nie in liefde te leef nie.

Kom kniel saam met my op die gebedspad

Ek nooi jou dus uit om saam met my hieroor voor die Vader neer te kniel. Om die rykdom en onbegrensdeheid van die liefde van God te ken.

Moenie tevrede wees met jou begrip en kennis van die liefde van God nie. Moenie wees soos iemand wat genooi is en toegang het tot 'n feesmaal en dan tevrede is om deur die venster van die huis te kyk hoe ander die maaltyd geniet nie. Kom in.

Miskien moet ek en jy eers bid voordat ons die gebed begin bid. Miskien moet ons eers bid dat die Here deur sy Gees in ons 'n honger sal wek om van die feesmaal te kom geniet. Dat ons nie vergenoeg sal wees met ons begrip en kennis van die liefde nie. Dat ons nie gearriveerd sal wees om te dink ons verstaan en beleef genoeg van sy liefde nie.

Alles in die gebed van Paulus vra om groei. Wie gewortel is in liefde moet daaruit groei. Wie gegrondves is op die liefde moet daarop bou. Wie ander nodig het om te ken weet dat hy nie alles weet nie. Wie weet dat die liefde wyd en ver en hoog en diep en is en dat dit die verstand te bowe gaan, sal streef om nog meer daarvan te begryp.

Daarom moet ons daarvoor bid.

Jy ontvang alles van God. Sy volle liefde is tot jou beskikking. Jou wortels staan daarin. Jou bestaan rus daarop. Kom bid saam met my dat ons die liefde sal begryp en sal ken.

Miskien is die grootste bewys van my liefde aan jou dat ek sal bid dat jy die liefde sal ken en begryp.